

DIE GEREFORMEERDE

Vroueblad

JUNIE 2018



UNIEK

*Die Here
is enig*

'n Korhaan,
oom olifant
en 'n luiperd

GEMEENTEKUIER: GK ONTDEKKERS

PRYSE (per tydskrif):
SELF-AFHAAL: R 17-82
GROEPE (POS): R 26-00
INDIVIDU (POS): R 28-00
ELEKTRONIES: R10-37

Inhoud

Junie 2018

Gereeld

- 3 Redakteursbrief
- 4 Lidmaatpraat
- 5 Sodat my huis kan vol word

In-diepte

- 6 God is nie net uniek nie: Die Here is enig!
- 8 Die mens – uniek geskape!
- 10 Vervul met verwondering

leefdinge

- 12 'n Korhaan, oom olifant en 'n luiperd
- 14 Teks & Vers: Uniek
- 15 Teks & Vers: Dagboek
- 16 Boekeblad: Bet-El
- 18 Boekeblad: *Ester: 10 Studies oor God se voorsienigheid in jou lewe*
- 20 Bybelse berading: Dr. Trudie
- 22 *Numero Uno*

- 24 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by die GK Ontdekkers
- 28 Resepteblyd: Vissag
- 29 Lees in Julie 2018
- 29 Gemeentedagboek
- 29 Intekenvorm
- 30 Hartskatte
- 31 Die mens, geskape verhoudingswese: Jou kollegas
- 32 Kaleidoskoop Junie 2018

REDAKSIEKOMMISSIE:

REDAKTEUR	Cobie Steyn
ASSISTENTREDAKTEUR	Vakant
GRAFIESE ONTWERP EN UITLEG	Karien Brink
SEKRETARESSE	Marlette van Rooyen
WEBREDAKT EUR	Grietjie Prinsloo
ADDISIONELE LEDE	Ds. Johan Botha & Annamie Odendaal

Posadres:

Die Redakteur: Die Vroueblad, Posbus 178, Lydenburg 1120, Faks: Die Vroueblad 086 714 6157
E-pos adres: Cobie Steyn, cobiesteyn@live.com
Internetadres: www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken
Navrae: Rekenings, adresveranderings, intekening, bladbouers:
Me. Angie Mokobi: Tel (018) 297 3986, tydskrifte@gksa.co.za
Eienaars en uitgewers: Deputate Kerklike Tydskrifte GKSA

Intekengeld:

- VROUEBLAD (SELF AFHAAL BY ADMIN BURO, POSGELD UITGESLUIT): R196 per jaar
 - ELEKTRONIESE INTEKENING: R114 per jaar
 - VROUEBLAD (IN GROEP NA DIE GEMEENTE, POSGELD INGESLUIT): R247 per jaar
 - VROUEBLAD (WORD GESTUUR, POSGELD INGESLUIT): R308 per jaar
- HIERDIE TARIWE GELD VANAF 1 JULIE 2017 TOT 30 JUNIE 2018.
(Intekening word as voortgesit beskou solank dit nie gekanselleer word nie.)
Drukkers: V&R Drukkers, Tel 012 333 2462, ISSN 0378 407 X

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA



Ander Publikasies van die Gksa:

- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskool-kinders)
- Die Kruispad (tiens en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons Facebookblad en gesels saam met ons oor die wonder dat God ons mense as unieke wesens geskape het wat kan dink, kan praat, in verhoudings kan staan, emosies kan beleef en wat kan glo!

JAARGANG 73 NOMMER 1



Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

UNIEK

— — — — — brief van die redakteur — — — — —



VROUUEBLAD

N
I
E
K

“Geen serafyn se tong is bekwaam om Hom meer as eensillabig by die Naam te noem nie, Hy wat in Homself bestaan én buite Hom, in die vis in die oseaan en in die suiderkruis wat skeef staan, wat Homself bly en Hom openbaar in vorme buite Hom wat ons moeilik saam kan dink.”

(Uit: *Transisie* deur TT Cloete)

Liewe lesers,

Ons temas vorder so al met die Vroueblad se naam langs: ons is nou by die “u” in “vroUeblad” – en daarom peins ons hierdie maand oor uniekheid en uniek-wees.

’n Mens word nogal uit alle oorde gebombardeer met die konsep van “uniekheid” of “uniek-wees”. Dink maar aan tydskrifte wat verkondig dat jou kleredrag uniek moet wees, dat jou aanpak by die werk uniek moet wees, dat jou kinders uniek moet wees. ’n Mens hoor ongekwalifiseerd mense sê dat hulle uniek is in hulleself (somyds as ‘n verskoning om maar te leef en te maak net soos hulle smaak!) en dat ander hulle maar net so moet aanvaar en opgebruik.

Dit is nie wat ons hierdie maand in gedagte het wanneer ons gaan gesels oor “Uniekheid” nie. As ons nie dié “U” – God die Vader – erken as ons enigste Here en Verlosser nie, help dit niks dat ons oor enige ander unieke wesens of unieke verskynsels hier op aarde praat nie. Hy is tog die oorsprong van alles. Daarom sê Prof. Ben so mooi in sy artikel: God is nie net uniek nie: die Here is enig!

Verwonder jou saam met die skrywers oor die enigheid van ons Skepper, oor die unieke manier waarop God elkeen van ons geskep het, oor die wonder van nuwe lewe, oor die wonder van die natuur. Mag elke leser ook weer haar eie uniekheid voor die Here ontdek, maar met dié nederige wete dat wie ek is en wat ek het (dié dinge wat my uniek maak) alles uit die hand van ons hemelse Vader kom. Alles hier op aarde word maar net aan ons geleen.

Dit is met skok en hartseer dat ons verneem het dat Die Gereformeerde Kerk *Die Kandelaar* se predikant en sy vrou, Dr. Jac en Mev. Ina Howell, oor die Paasnaweek verongeluk het. Die redaksie betuig hiermee hulle innige meeleving met die familie, Jac en Ina se ouers, kinders en skoonkinders, maar ook met die lidmate van die gemeente. Mag die Here julle in hierdie tyd van hartseer versterk en vertrous deur sy Gees.

Liefdegroete in Christus

Cobie Steyn



Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!

GOD IS NIE NET UNIEK NIE: DIE HERE IS ENIG!

DEUR PROF. BEN DE KLERK

Met elkeen wat opreg kan bely “die Here is enig” het reeds baie wonderwerke gebeur. Daar is geloof in so ‘n persoon se hart geplant en daarom weet so iemand hy of sy is weer gebore deur die werk van die Heilige Gees. Telkens wanneer die geloof in ons hart in dié belydenis oorgaan “die Here is enig”, behoort ons verwonderd te wees dat God ons van hierdie waarheid oortuig het.



In ons Afrikaanse Verklarende Woordeboek word “enig” met “sonder gelyke” verduidelik. Wat sê die Bybel hieroor?

Die hele Bybel verseker ons dat God enig is. Een so ‘n voorbeeld is Jesaja 45:5 en 6. Die Here self is daar regstreeks aan die woord. Hy sê in vers 5 (en herhaal dit presies so in vers 6): “Ek is die Here, daar is geen ander nie”. Hy voeg daarby: “buiten My is daar geen God nie”.

Daarom sing ons:

“Die Heer is God, ‘n eenge Heer;

Die Heer is God, en niemand meer” (Skrifberyming 2-2:1)

Wie is ons God?

Enig in sy Wese

God is enig omdat Hy, die Onbegryplike, ver bo ons verstand, Hom bekend maak. Hy openbaar Hom in sy skepping, in sy verhouding met Bybelfigure (sy verbond), in die woorde van profete, maar ons ken Hom veral omdat Hy Hom deur sy Seun, Jesus Christus, geopenbaar het. Sy Seun lewe in die intiemste verhouding met die Vader en die Heilige Gees en deur sy menswording het Hy God vir ons deur sy woorde, optrede en veral deur sy kruis en opstanding bekend gemaak.

Ons is verwonderd oor sy eienskappe. God is liefde en in Christus het God ons tot die uiterste toe liefgehad. Ons bely vrymoedig: God is ewig, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, reverdig, goed en ‘n fontein van alles wat goed is (NGB art. 1). Sy heerlijkheid is soos die son: jy kan nie regstreeks daarna kyk nie, Hy is onpeilbaar heerlijk. Jy sien die glans van sy heerlijkheid en dit is al oorweldigend. God is enig!

God het ‘n asemrowende plan, ‘n raadsplan. ‘n Plan wat deur God, een in Wese en drie in Persone, daargestel is. Sy raadsplan is volmaak, ‘n enige plan. God is in Homself volmaak en Hy is daarom van niemand of niks afhanklik. Tog is sy plan om in liefde en in liefdesgemeenskap met sy skepping te lewe. Daarom skep Hy en onderhou Hy. Daarom verlos Hy sy skepping (veral die kroon daarvan, die mens) om met Hom versoen te wees en in ‘n verhouding te lewe. Dit is ‘n goddelike plan en daar is geen ander wat daarmee vergelyk kan word nie.

Wat doen ons God?

Enig in sy dade

God is ‘n God van dade. Hy skep en vir sy skepping voorsien Hy. Hy is alwetend en daarom voorsien Hy wat elkeen van sy skepsele nodig het. Hy ken ons in ons diepste wese, veel beter as wat ons onself ken. Hy voorsien ons van sy lewende Woord, sy Gees; Hy stort deur sy Gees liefde in ons sodat ons dit aan ander kan deurgee. Hy voorsien ons van lewensmaats en ouers en kinders en van geloofs familie. In sy voorsiening is die Here enig.

God se dade sluit ook in dat Hy sy kinders bemaagtig. Hy rus gelowiges toe met sy Gees en met verskillende geestesgawes.

Daar is niemand anders wat so ‘n geweldige verskeidenheid van gawes aan ander kan gee nie. Hy bemaagtig mense om in sy Naam te kan getuig, te kan bid, te kan lewe. Dit is nie maar ‘n God wat onbeplan opdragte uitdeel nie, maar ‘n God wat diep in die hart gelowiges kan roep, aan elkeen ‘n roeping gee wat hulle inspireer, dryf en bemoedig in die uitvoering van elkeen se roeping.

Hoe reageer ons op die enige God?

Ons aanbid!

Met absolute sekerheid omhels, aanvaar en bely ons: Die Here is ‘n enige God! Ons is aan die een kant sonder woorde in verwondering. Ons wil amper soos Jesaja uitroep: Dis klaar met my, want ek het met die geloofsoog die Here gesien. Of soos Petrus: Gaan weg van my Here, ek is ‘n sondige mens. Ons kan nie vir onbeskryflike oomblikke in ons lewe vra elke keer as ons weer opnuut ontdek: Die Here is enig, daar is geen ander nie! Dan gee die Heilige Gees dikwels woorde waardeur ons ons verwondering in aanbidding voor God kan neersit.

Aan die ander kant bring die sekerheid dat die Here enig is, ons by die besef hoe gering ons in sy teenwoordigheid is. Ons het soveel ontsag vir God dat ons geestelik knielende voor Hom lewe. Ons is so diep afhanklik van God vir ons daaglikse bestaan, van ons vryspraak voor God, van ons sterwe in Christus. Tegelyk kan ons sien hoe die glans van sy heerlijkheid ook in ons en ander gelowiges uitstraal, want Christus is in ons en Hy is die hoop op heerlijkheid (Kol. 1:27). Omdat Hy enig in sy Wese en dade is, is ons so uniek dat ons sy beeld kan uitstraal, al is ons nog onvolmaak. Daarom is ons nou en na die stukkende lewe hier op aarde in die oë van die enige God tog sy unieke kinders!

“Enigste Here, enkele wese,

Ons glo in U met ons hele hart” (Skrifberyming 12-3:1) ■



LIDMAATPRAAT

Mockie Stoltz: Dat God “enig” is beteken in die eerste plek dat daar geen ander God is as dié God wat Homself deur sy Woord en Gees aan ons bekend maak nie... God se uniekheid word die duidelikste in Christus raak gesien. Christus, die gekruisigde, het ons met God versoen. God het die Heilige Gees gegee om in ons te werk sodat ons saam met God en Christus vir ewig kan lewe.

Vir 'n rukkie eggo haar woorde in my gedagtes – om verskeie redes.

Aanvanklik laat dit my wonder of ek genóég aanpak in my eie lewe... Ek sê dit vir myself hardop terwyl ek van die werk af terugsuik in die Johannesburg verkeer: "Jy skryf jou eie storie..."

"Ja ... praat ek nog steeds met myself," dié stelling maak my ongemaklik..."

Dan dink ek terug aan 'n salige naweek in die Bosveld. En hoewel ek nie die verskynsel self beleef het nie, is die storie met groot geesdrif aan my oorvertel. Die storie van die 'selfmoord-voël'. Die saak staan blykbaar so: in 'n dapper poging om moontlike maats te lok, skop die korhaan eers 'n bohaai op. Sodra die aandag op hom gevestig is, pyl hy met dramatiese mening die bloute in net om op 'n sekere hoogte sy vlerke onder hom in te vou en, asof buite beheer, terug te tuimel aarde toe. In die laaste snikhete oomblikke vou hy dan sag sy vlerke oop om geruisloos op sy voete te land. Ongeskonde.

Ek is net so verdwaas oor dié verskynsel soos die storievertellers wat dit eerstehands beleef het.

"Hoekom sou die vroulike Korhaan daarmee beïndruk wees?" sê-vra ek en bevrage teken die wind uit my storieverteller se seile – soos net ek kan.

Op nog 'n wildsrit sien ons talle olifante en ons gids deel wonderlike feite oor hulle mee: Hoe om manlike en vroulike olifante uit te ken.

Waarom ons een spesifieke ou Grote kan ruik voor ons hom sien en waarom olifante uiteindelik sterf.

Sien, as ek nou reg onthou, het olifante deur die loop van hul lewens drie stelle tande. Die tande word deurgeskaaf as gevolg van sand en stof wat soms aan hul aandete

klou. Maar olifante is ook slim en ons aanskou hoe een so 'n slim meneertjie sy bossies goed afskud voor hy dit eet. Tog skaaf hul laaste stel tande mettertyd deur en word dit vir hulle moeiliker om geskikte kos op te spoor. So beswyk oom olifant stadig maar seker van die honger.

Later dieselfde middag, terwyl sommiges bokbolletjies spoeg, ander oor vorige avonture gesels en smul aan die happies wat ons in die koelboks saamgebring het, hoor ons 'n geruis oor die radio. Die gids ontsyfer dadelik die kodetaal: 'n Luiperd is nie ver van waar ons ons tans bevind nie, opgemerk. Ons vat die grondpad met 'n spoed. Diegene agter op

'n Korhaan oom olifant 'n vrou

DEUR JUDITH

My Koreaanse vriendin het onlangs haar eersteling verstaan. Ek staan verstom oor die feit dat sy nie kraamverlof geneem het nie, maar 'n internasionale ouditeursfirma en terselfdertyd 'n

"Hoe doen jy dit?" vra ek met 'n asem wat jaag vorentoe. " 'n Mens kan enigiets doen. Jy skryf jou eie storie..."

Korhaan, Olifant en Luiperd

W. H. KAMFFER

Welkom. Ons gesels die afgelope week oor *Whatsapp* en neem het nie en steeds voltyds werk as 'n direkteur van 'n oortyd klas draf om haar MBA te behaal.

ant haar bedrywigheid maak my sommer angstig.

te storie," verskyn die woorde op my skerm.

die voertuig giggel senuagtig soos wat ons oor die klippers hop. En die donker kruip skielik vinniger deur die ruigtes nader.

Vyftien minute later verminder ons gids spoed en skakel die voertuig se hoofligte af. Dis stikdonker om ons en agter, vanuit die oop voertuig, kan ons ander voertuie se soekligte opmerk. Stemme kom krakerig oor die tweerigting radio. Die gids draai om en fluister: "As ons naby is moet julle asseblief baie stil wees en bly sit ..." Ons afwagting is tasbaar. Die duisternis om ons is dik en ons kan net in die strale van die soeklig sien. Dan, skielik, gryp ons soeklig haar vas waar sy ongesteurd van boom tot

boom loop en haar gebied afmerk. Met asem opgehou volg ons haar bewegings. En dan is sy skielik weer weg. Die gids gee nie so maklik op nie en 'n paar minute later verskyn sy weer in ons soeklig se reikwydte. So, hou ons haar dop. Van boom tot boom. Totdat sy teen die dam gaan staan, versigtig afbuk om water te drink. Seekoeie bulk in die donker poel water agter ons.

Op pad terug na ons kamp toe kyk ons óp... die helder Melkweg in, staan ons weer verwonderd-klein voor God se skepping.

'n Skel toeter uit die verkeer ruk my uit my Bosvelddagdream terug tot die werklikheid.

"Nee," dink ek, "ek is beslis nie die outeur van my eie storie nie ..." En net soos die korhaan en die olifant en ja, die luiperd (met al die intriges, vraagtekens, kolle, strepe en tande eie aan hulle), is my storie deur 'n groter Hand aanmekaar geweef. My storie is eie aan my. Uniek. Nie slegs oor my eie keuses, lewenspad, voorkoms en belewenisse nie... maar omdat God self die outeur van sy storie is – en Hy het my in sy storie ingeskryf. Net soos die korhaan, wat voornemende maats se oë eers hemel toe stuur. Net soos die olifant – ook weerbaar in sy grootheid. En net soos die luiperd – ontsagwekkend en jaloers. **V**